PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

(021) 887-0017/77 086 651 5969
info@paulroos.co.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

PAUL ROOS GIMNASIUM vs GREY KOLLEGE

15 – 17 AUGUSTUS 2024

FINALE INLIGTING AAN OUERS

ALGEMEEN:

- **Die volgende spanne word op Donderdag 15 Augustus om 17:00 gehuisves vanaf die Japie Krige-saal:**

  Skaak, Landloop, Debat, Debating, eSports, Gholf, Hokkie (19A- E, 16A – E, 14A – D), Bergfietsry, Sokker (19A & B, 17A & B, 15A & B, 14A & B), Muurbal 19A & B, Swem, Tafeltennis, Tennis, Waterpolo 14A, 15A, 19A

  Die volgende spanne word op Vrydag 16 Augustus om 11:00 gehuisves vanaf die Japie Krigesaal:

  Rugby 19B – K, Rugby 16A – E, Rugby 15A – E, Rugby 14A – G

- Gasouers is verantwoordelik vir alle etes vandat die Grey-seuns arriveer tot hulle weer op die bus klim.
- Grey-seuns wat reeds Donderdag gehuisves word, moet asb. om 07:40 by Roosinbosch aanmeld indien hulle nie reeds deelneem nie.
- Moet asb. nie Grey-seuns by Markötter laat na afloop van die hoofrugbywedstryd nie.
- Maak asb. van die parkeerarea by die sentrum gebruik vir huisvesting.
- Moet asb. geen waardevolle besittings in u voertuie laat nie.
- Moet asb. nie in die inritte van huise parkeer nie.

VRYDAG:

- Toegang tot die skoolgronde en die hokkie astro's is gratis.
- Maak asb van die volgende parkeerareas gebruik indien die area by die astro's reeds vol is:
  - Oop area langs Prima-koshuis.
  - Parkeerarea onder sonpanele agter Nova-koshuis.
  - PRG-sokkerveld vanaf 17:15
  - Parkeerarea voor die PRG-sentrum

SATERDAG

- Toegang beloop R30pp. Kaartjies vir die tydelike pawiljoene is reeds uitverkoop. Toegang vir skoliere is gratis as ook vir Klub 1000-lede en Oud-Skoliere met die toon van hul lidmaatskapkaarte.
- Maak asb. van die volgende parkeerareas gebruik: (Parkering by Markötter is slegs beskikbaar vir genooide gaste en borge).
    - Oop area langs Prima-koshuis.
    - Parkeerarea onder sonpanele agter Nova-koshuis.
    - PRG-sokkerveld
    - Parkeerarea voor die PRG-sentrum
    - Bloemhof vanaf 12:30 (R30 per voertuig)
    - Grasarea skuins oorkant Rhenish Girls' High
- Let asb. daarop dat die Markötter Suite en die dak van klubhuis slegs vir genooide gaste en die personeel van PRG en Grey gereserveer is vir privaatfunksies.
- Kontantkroeë sal beskikbaar wees in die biertent (vanaf 11:00) en in die Longroom (onderste vloer van die klubhuis) na afloop van die hoofwedstryd.
- Om verkeersopeenhopings te voorkom, moet asb. nie u seun voor die hek van Markötter aflaai nie. Laai hom asb. by die skool af.
- Spelers moet asb. geen waardevolle besittings in hul sportsakke los nie en verseker dat daar deeglik na die veiligheid van hul sakke gekyk word tydens hul wedstryde.